

Huisgeloof2017#13 - 30 April tot 6 Mei - Lukas 24:13-35

13Twee van Jesus se volgelingen het op daardie Sondag besluit om terug te gaan na die dorp waar hulle gebly het. Hulle dorp se naam was Emmaus, so twaalf kilometer buite Jerusalem. 14Hulle twee was ernstig aan die gesels oor die gebeure van die afgelope naweek. 15Terwyl hulle met swaar harte geloop en praat het, het Jesus by hulle aangesluit en saam met hulle verder gestap. 16Maar hulle het Hom nie herken nie. 17“Wat loop julle so ernstig en praat? En hoekom lyk julle so hartseer?” vra Jesus hulle. 18Kleopas, een van die twee, sê toe vir Hom: “Wat? Ek kan nie glo jy vra so iets nie. Jy kom dan nou uit Jerusalem uit. Het jy nie gehoor wat die afgelope naweek daar gebeur het nie?” 19“Wat?” vra Jesus toe. “Wel, Jesus van Nasaret, daardie groot BoodsAPPER van God, is Vrydag daar doodgemaak. Hy het groot wonderwerke gedoen en met gesag oor God se nuwe wêreld gepraat. 20Maar toe het die spul godsdienstige leiers van ons volk Hom gevang. Daarna is Hy skuldig bevind en gekruisig. 21Ons het so gehoop dat Jesus regtig die groot Verlosser van Israel sou wees. Hy het dan vir almal gesê dat Hy ons kom verlos. Maar Hy was verkeerd, want Hy is nou dood en begrawe. Ja, vandag is Hy al drie dae dood. 22“O ja, ons het ook nog ander nuus gehoor wat ons baie omgekrap het. ’n Klompie vroue wat saam met ons vir Jesus gevolg het, was vanoggend vroeg daar by sy graf. Maar sy liggaam was skoonveld. 23Hulle kom vertel toe vir ons dat engele daar na hulle toe gekom en vir hulle gesê het Jesus leef weer. 24’n Paar ander mense het toe vinnig na die graf toe gegaan en dit leeg gekry. Jesus se liggaam was nie meer daar nie.” 25Jesus sê toe vir hulle: “Ek kan nie glo julle geloof is so klein nie. Hoekom glo julle nie wat God se boodskappers in die Bybel sê nie? 26Weet julle nie dat die Messias, God se Gestuurde, eers moes kom ly voordat Hy na sy hemelse woning teruggaan nie?” 27Toe het Jesus stap vir stap vir hulle verduidelik wat Moses en al die ander profete in die Bybel oor Hom geskryf het. 28Later het hulle by Emmaus aangekom. Toe Jesus sê dat Hy nog verder moet stap, het die twee dadelik gesê: 29“Nee, wag! Kom bly asseblief vanaand by ons oor. Dis netnou donker.” Jesus het ingestem en saam met hulle na hulle huis toe geloop. 30’n Rukkie later, toe die aandete klaar was, het hulle by die tafel gaan aansit. Jesus vat toe die brood, sê vir God daarvoor dankie en deel dit aan hulle uit. 31Toe gaan die twee se oë skielik oop. Hulle het Jesus herken. Maar voordat hulle nog iets kon sê, het Hy verdwyn. 32“Dis waar!” het hulle bly vir mekaar gesê. “Ons moes dit eintlik al beseef het toe Hy netnou so oortuigend uit die Bybel met ons gepraat het. Toe Hy vir ons gewys het wat regtig daar staan, het ons harte omtrent opgewonde geklop!” 33Dadelik het die twee opgestaan en vinnig in die donker teruggestap Jerusalem toe. Toe hulle daar aankom, is hulle direk na die plek toe waar die elf apostels en die ander volgelingen van Jesus was. Maar voordat die twee ’n woord kon uitkry, sê die apostels en die ander vir hulle: 34“Ons het goeie nuus vir julle. Jesus leef! Hy het aan Simon Petrus verskyn!” 35“Ons het net sulke goeie nuus vir julle,” sê die twee. Hulle vertel toe hoe Jesus saam met hulle kom stap het en hoe hulle Hom herken het toe Hy die brood daar in hulle huis gebreek het.

Wie is die Emmausgangers

Die Emmausgangers is op pad terug van Jerusalem na Emmaus – so 12 kilometer van Jerusalem af. Die terugtog huis toe is ’n moeilike een, want hulle het hulle hoop verloor. Hulle stap kop onderstebo terug, onseker oor die toekoms, verward oor die gebeure die afgelope paar dae in Jerusalem.

Hulle het onder moeilike omstandighede geleef. Op politieke gebied het hulle onder die juk van die Romeine gestaan. Hulle vryheid moes hulle jare vantevore al prysgee en daarmee kon hulle nog nooit vrede maak nie. Die wat nie Romeinse burgerskap gehad het nie, was eintlik maar tweederangse burgers wat van alle voorregte ontnem was. So kon slegs Romeinse burgers grond besit en ambagte beoefen.

Ekonomies het dit maar swaar gegaan en dit was nie aldag maklik om kop bo water te hou nie. Op morele gebied was verval aan die orde van die dag. Dinge het nie lekker gewerk nie. Hulle was nie baie optimisties oor die toekoms nie en hoop was maar skaars.

Maar dan hoor hulle van Jesus. Allerlei berigte oor Sy woorde en dae bereik hulle en hulle volg Hom. Hulle word getuies van Sy optrede. Dan begin die hoop opvlam: Hy sal hulle bevry uit hulle moeilike omstandighede. Hy, so hoop hulle, sal die juk van die Romeine omverwerp. Dan sal dit baie beter met hulle gaan. Ja, in Hom sien hulle die hoop vir die Jode.

Hoe goed ken jy die verhaal ? “Moenie verder vertel nie!” So sê ons wanneer iemand entoesiasties vertel oor ‘n boek of ‘n flik en op die punt is om die storie weg te gee. Ons wil niks verder weet nie, want anders word ons lees- of kykervaring bederf. Mens kan nie ‘n storie van agter af geniet nie. Jy moet meegeneem word met die spanning en die uiteindelijke ontknoping. Die probleem met ‘n oorbekende verhaal, soos die *Emmausgangers* in Lukas 24 is dat ons reeds die ontknoping ken en daarom nie meer so getref word deur kernpunt van die verhaal nie. Ons lees dit as’t ware van agter af.

Ons weet klaar dat die vreemdeling wat saam met die reisigers na Emmaus gestap het, Jesus was. Ons weet dat hulle agterna gesê het dat hulle harte warm geword het, terwyl Hy op pad vir hulle die Skrifte uitgelê het. Daarom lees ons die verhaal asof hulle geweet het dit was Jesus wat saam met hulle stap en asof hulle bewus daarvan was dat hulle ‘n buitengewone gas nooi om by hulle oor te bly. Dan word ons aangespoor om Jesus op ons lewensreis toe te laat. Maar dit was nie Jesus vir wie hulle teëgekome het nie, dit was ‘n **vreemdeling**. Hulle het Hom eers die aand aan tafel erken. Tot op daardie stadium was hy net ‘n vreemdeling. Sommer net ‘n man wat met hulle kom saam stap het en toe hulle hom ingenooi het om die nag by hulle oor te bly, was hy nog steeds ‘n onbekende vreemdeling.

Ons moet waak daarteen om die insig wat hulle later verwerf het, terug in die verhaal in te lees. Die punt is hulle het geen idee gehad wie die vreemdeling was wat saam met hulle op pad was nie. Dus, vir ons as lesers, kan die boodskap nie wees dat ons Jesus in ons lewens moet toelaat en ontvang nie. Eerder dat ons oop moet wees vir die vreemdeling langs die pad. Wat sou julle hiervan sê?

#HARDE REALITEITE LEI MAKLIK TOT WANHOOP: Hierdie twee mans was voor Jesus se kruisiging vol hoop. Hulle het in hulle verbeelding gesien hoe die glorieryke en voorspoedige dae van die ryk van Israel, soos in Dawid en Salomo se tyd geheers het, weer sal aanbreek. Boonop was hierdie Jesus, wat gekruisig is, ‘n besondere mens. Hy het met gesag gepraat en kon wonderwerke doen. Hy het siekes gesond gemaak, sommer duisende mense op ‘n slag kos gegee en selfs dooies opgewek. Hulle was so seker dat Hy die beloofde Messias, waarvan die profete gepraat het, was. Maar nou is Hy dood. Hy het aan die kruis gesterf en is begrawe. Alles tevergeefs. Ja, daarom is hulle gesigte somber en voel hulle moedeloos en swarmoedig. Wanneer ‘n mens so met die werklikhede en die feitlikhede van jou omstandighede gekonfronteer word, lei dit maklik tot wanhoop. Dink aan jou eie omstandighede - dalk selfs die van ons land - en hoe dit hoop of wanhoop by jou wek. Waar kry ons HOOP?

Brandende harte Hierdie 2 Emmausgangers se harte het nie brandend geraak omdat hulle omstandighede skielik verander het nie. Die groot verskil het gekom toe die lewende Jesus hulle doelbewus kom opsoek het. Hulle het Hom nie gesoek nie. Hy het hulle kom opsoek. Terwyl hulle so mismoedig was, het hulle nooit besef dat Hy al die tyd baie baie naby was nie! Hoe wonderlik dat die Here uit Sy pad gaan om juis die swakkes op te soek. Juis hulle wat die verste voel en kleingelowig voel – juis na hulle kom Hy doelbewus. So sluit Hy by jou aan langs die pad – terwyl jou vlam laag brand. En wat doen Hy? Absoluut niks snaaks nie. Wat doen Hy met die Emmausgangers? Hy PRAAT met hulle uit die Bybel. Hy maak die Bybel vir hulle oop. Niks buitengewoon/sensasioneel nie. En wat gebeur: Skielik gaan hulle oë oop! (v 31). Maar juis dít is die buitengewone: Dat die Bybel vir jou oopgaan. En God sê: Tóé het hulle harte ontbrand. Die STEM van die Here laat hulle harte warm word.

Twyfel jy dalk ? Dit is duidelik dat Jesus hom bemoei met mense wat twyfel. Hy het hom bemoei met die vroue wat twyfel het of Jesus werklik ogestaan het, vrouens wat nie veel eer gedra het teen die agtergrond van daardie tyd nie. Hy het hom bemoei met Kleopas, Kleopas wat ‘n griekse naam is, dus nie van suiwer Joodse afkoms nie. Hierdie is belangrik om te weet, want volgens die Jode sou God ‘n Messias stuur wat die Joodse volk sou verlos. Maar toe stuur God ‘n Seun, wat aan ons kom wys het, dat God se koninkryk nie net vir Jode is nie, God se koninkryk is

vir almal, vir vrouens, vir nie-Jode en vir die wat twyfel. God se koninkryk is nie net vir perfekte mense nie, inteendeel, God se koninkryk bemoei hom juis met imperfekte mense.